## BOEKE ONTVANG

*DIE AFRIKAANSE PATRIOT 1876. Faksimilee-weergawe van die eerste jaargang. Uitgegee deur Tafelberg-Uitgewers vir die Patriot-Vereniging vir Afrikaanse teksuitgawes van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1974. 192 pp. Prys: R5,95.*

Dié uitgawe van hierdie eerste jaargang van die eerste Afrikaanse tydskrif en lyfblad van die Genootskap van Regte Afrikaans, is 'n besondere gebeurtenis. As eerste liggaam wat hom vir die volledige erkenning van Afrikaans as taal beywer het, het dit 'n beweging aan die gang gesit wat tot vandag toe deurwerk. Dit roep die stand van Afrikaans en die stryd om die erkenning daarvan 'n eeu gelede in herinnering. Prof G S Nienaber sê in die voorwoord: "Wie die eerste roersele wil leer ken, moet hierdie nommer leer ken. Daarvoor is dit onontbeerlik. Ewe waardevol is minstens nog die tweede jaargang, en dit is te hope dat ook dit in boekvorm vir die breë kring van belangstellendes uitgegee sal word."

—D H S

*P. J. de Bruyn. 'n Lamp vir my voet. Gesprekke oor ons geloofslewe. Pro Rege, Potchefstroom 1973, 187 pp. Prys: R2,75.*

*Elsa Joubert DIE NUWE AFRIKAAN — 'N REIS DEUR ANGOLA. Tafelberg-Uitgewers 1974. Prys R4,75.*

Hierdie reisverhaal bied 'n beeld van Portugal-in-Afrika voor die Spinola-bedeling, en, komende uit die pen van 'n beleë reisverhaalskryfster, is dit binne sy kader 'n verantwoorde beeld. Deur waarnemings en gesprekke, wat die leser met die skryfster deel, neem die 'gevoel' mettertyd vorm aan: "Verandering is aan die kom en, veral met die opvoedingsontploffing, sal die swart meerderheid al hoe meer mag in hande kry." Miskien is dit die mees aktuele reisbeskrywing wat nog in Afrikaans die lig gesien het, van nog onmiddelliker belang as DIE STAF VAN MONOMOTAPA, 'n reisjoernaal van dieselfde skryfster oor Mosambiek van tien jaar gelede. Met haar kunsprosa het ook hierdie joernaal beslis verband. Soos DIE STAF VAN MONOMOTAPA belangrike agtergrondskennis vir Elsa Joubert se Afrikaroman BONGA (1971) werp DIE NUWE AFRIKAAN lig op die gebied waarin ONS WAG OP DIE KAPTEIN (1963), een van die beste prosawerke oor rassekonfrontasie in Afrikaans, gesitueer is.

—D H S.

*C J Scheepers Strydom. HOEFSLAE. Helderitte in Suider-Afrika. Tafelberg-Uitgewers 1974. Prys: R3,85.*

**In onderhoudende verteltrant word in dié boek episodes uit die geskiedenis van Suider-Afrika aangebied waarin die perd en sy ruiter 'n beslissende rol speel. 'n Boek geskrywe deur "iemand wat die geskiedenis so kan aanbied dat dit met 'n nuwe helderheid leef en die leser opnuut beetpak."**

*A C Celliers. LEWENSAVONTUUR III. STUDIEJARE IN SUID-AFRIKA EN DUITSLAND. Tafelberg-Uitgewers 1973 Prys: R4,05.*